

Die historiese dinamika van Kaaps – toe en nou

Ernst Kotzé – emeritus professor (NMMU) & navorsingsgenoot (NWU)

Abstrak

In hierdie voordrag word die prosesse wat toentertyd en hedendaags by die vorming van taal aan die werk was en is, bekyk, en in die besonder op Kaaps van toepassing gemaak. Begrippe soos pidginisering en kreolisering as vernuwingsmeganismes, en ook as taalneerslag van sosiale kragte, word duidelik gemaak, asook die dikwels omstrede prosesse van standaardisering. Daar word verder gefokus op die belangrike rol van Kaapse Moesliemafrikaans as kerndialek van Kaaps, en Kaaps as die matrelek van Afrikaans. Die historiese waarde van Arabies-Afrikaans (die geskrewe vorm van Kaapse Moesliemafrikaans vanaf ongeveer 1815 tot 1950), as fonetiese rekord én as leksikale dokumentasie van die woordeskat van die sprekers, word belig. Laastens val die soeklig op die historiese en moderne eienskappe van Kaaps, waarin sowel die jaarringe van eeue gelede en die botsels van nuwe ontwikkeling na vore kom.

Teks

Soos uit die opsomming van my praatjie afgelei kan word, wil ek graag die dinamika van Kaaps binne 'n historiese konteks belig, en daarby die soeklig laat val op dié faktore wat van toeka se tyd af 'n rol gespeel het in die vorming en voortgesette ontwikkeling van hierdie belangrike vorm van Afrikaans. In die proses wil ek iets laat blyk van die kaleidoskoop van perspektiewe wat veral oor die ontstaanshipoteses moontlik is.

Maar eerstens iets oor die naam “Kaaps”. Die benoeming van taalvariëteite en tale as sodanig weerspieël dikwels 'n eienskap waaraan dit uitgeken kan word. Dikwels is dit iets waarmee sprekers hul graag identifiseer, soos die geografiese ligging of kultuur of funksie waarvoor dit aangewend word. Daarby is dit belangrik, legitimeitsonthalwe, dat die benaming van 'n variëteit deur die sprekers self toegeëien word. (Natuurlik is dit nie altyd moontlik nie, veral as daar sprake is van 'n historiese variëteit wat retrospektief benoem word, soos Hellenistiese Grieks of Klassieke Arabies.) In die geval van Kaaps is daar klaarblyklik 'n sterk identifisering met die geografiese omgewing – vandaar hierdie voorkeurbenaming, wat kort en kragtig is en die belangrikste identifikasie-eienskap van die naam vasvat.

Die wortels van Kaaps is, soos ons weet, al omtrent 360 jaar gelede te vinde, toe sprekers van verskillende tale – sommige tipologies wyd uiteenlopend – vrywillig of deur dwang, vir die eerste keer in die skadu van Tafelberg kontak gemaak het, en daar uit hierdie kontak 'n nuwe taal begin posvat het. Die ontstaan van tale uit 'n kontaksituasie wêreldwyd kan in baie gevalle (indien nie die meeste nie) herlei word na 'n bepalende sameloop van omstandighede waaraan sprekers van verskillende tale blootgestel word. Geleerdes soos Sarah Grey Thomason, Kaufmann en andere praat van kontak-geïnduseerde verandering, op grond waarvan, afhange van die aard van die kontak, die taalveranderingsproses dan geklassifiseer kan word. Wanneer verskillende tale mekaar beïnvloed, kom daar in mindere of meerdere mate 'n gemengde taal tot stand. As ons nou agter die kap van die byl wil kom om met insig te kan praat oor die vorming van 'n nuwe taal aan die Kaap, is dit belangrik om 'n paar feite oor so 'n ontstaansproses in gedagte te hou en alle moontlike faktore wat 'n rol kan speel, hierby in te reken. Die sentrale rol van Kaaps, wat nie net een van die ontstaansvariëteite van Afrikaans is nie, maar inderdaad self oor die geslagte heen verandering ondergaan het, is onlosmaaklik verbode aan enige beskouing van Afrikaans as taal.

Oor die ontstaan van Afrikaans was daar al talle teorieë, soos ons alte goed weet, en ongelukkig is daar telkens óf heel simplisties op 'n enkele sentrale *oorsaak* gefokus, óf is die *resultaat* van die ontwikkeling eenogig beoordeel. My oogmerk is dan nou ook om met oop oë te kyk na wat ons kan wys word uit die dinamika van die historiese ontwikkeling, dus sowel oorsake as gevolge, van Afrikaans en, meer spesifiek, Kaaps aan die Kaap van Goeie Hoop. In die proses moet ons rekening hou met twee bepalende feite wat die grondslag lê vir die ontwikkeling van 'n nuwe taal.

Die eerste bepalende feit is dat dit eerder sosiale faktore is, en nie slegs taalkundige faktore nie, wat sowel die gebruik as die vorm van so 'n nuwe taal bepaal. Hiervan is daar reeds vroeg in die vorige eeu kennis geneem. Twee opmerkings oor die oorsake van taalverandering, sowel by sogenaamde homogene tale as gemengde tale (waarby daar onder andere sprake is van leksikale ontlening), sal genoeg wees om dit te onderstreep. Kiparsky merk onder andere in 1938 op:

Die Fähigkeit der sogenannten “homogenen” Sprachen, Entlehnungen (...) aufzunehmen, hängt *nicht* von der linguistischen Struktur der Sprache, sondern von der politisch-sozialen Einstellung der Sprecher ab.¹

En so 'n 20 jaar later skryf Coteaunu oor gemengde tale:

Selon nous, cette question ne dépend pas du caractère de la structure grammaticale des langues en contact, mais d'une série de facteurs de nature sociale.²

Een van die belangrikste sosiale faktore is die houding teenoor die sprekers van 'n taalvorm, en gevolglik ook die houding teenoor die taalvorm van die sprekers. Dit is veral die sprekers se houding teenoor hulle eie huistaal wat bepaal of en hoeveel kontak-geïnduseerde taalverandering daar gaan plaasvind. 'n Positiewe houding teenoor so 'n huistaal kan so 'n proses van verandering enigmate vertraag, terwyl die instelling teenoor die taal waarmee daar kontak gemaak word, die proses kan versnel óf vertraag.

Dikwels word 'n keuse van 'n taalvorm deur magsverhoudings bepaal (en dus ook houdings), en kan dit selfs gebeur dat 'n taal prysgegee word ten gunste van 'n ander taal wat deur sprekers met groter mag – sosiaal, militêr of kommersieel – gepraat word. Dit is duidelik dat die sosiale prestige van die taal van mag in so 'n geval die kontak-geïnduseerde verandering sal versnel. Hierdie magspel was en is baie duidelik in die taalgeskiedenis van die inheemse Indiese tale van Suid-Amerika, waar die sprekers van meer as 'n duisend tale in die loop van die vorige eeu hulle taal en kultuur aan Portugees en Spaans as koloniale, oorheersende tale prysgegee het en die inheemse tale vir altyd van die aardbol verdwyn het – 'n groot meerderheid daarvan sonder dat enige rekord daarvan bewaar gebly het. Die enigste nalatenskap van die sprekers van sulke tale is waarskynlik die oordrag van patrone (veral fonologies en sintakties) na kreoolse vorme van Spaans, Portugees en ook Frans wat bly voortbestaan het – waaroor later iets meer.

'n Vergelykbare scenario het hom aan die Kaap afgespeel, hoewel dit hier betrekking gehad het op immigrantegemeenskappe, deurdat die moedertale van meer as 14 300 slawe uit die Indonesiese argipel, 16 300 uit Indië, en vergelykbare getalle sprekers uit Madagaskar (15 800) en die res van Afrika (16 600) met verloop van 'n paar geslagte tussen 1652 en 1808 hier in die Kaap in die slag gebly het en die sprekers 'n ander taal, die Nederlands van die VOC-amptenare, moes leer om sosiaal te kon oorleef, en die aangeleerde taal aan hulle

1) Die kapasiteit van die sogenaamde “homogene” tale om ontlenings te akkommodeer, hang nié van die taalkundige struktuur van die taal af nie, maar van die polities-sosiale instelling van die sprekers.

2) Volgens ons hang hierdie kwessie nie af van die eienskappe van die grammatikale struktuur van die tale wat in kontak is nie, maar van 'n reeks faktore van sosiale aard.

kinders oorgedra het. Dit was ook die lot van die inheemse Khoi-Khoi en San, soos dié van andertalige werknemers van die VOC uit Europa. Die feit dat die teikentaal wat hulle moes aanleer Nederlands van die 17de eeu was, en nie Portugees of Spaans of Engels nie, is natuurlik die gevolg van wêreldgebeure van die betrokke tyd. Ons weet dat 'n aantal handelsmaatskappye van 'n klein landjie aan die Noordsee 'n magtige moedermaatskappy genaamd die Vereenigde Oostindische Compagnie gevorm het onder die bestuur van 'n beheerende direksie, die Here XVII, en 'n groot oorsese handelsryk opgebou het. Daardeur het 17de-eeuse Nederlands 'n magtige kommersiële taal geword, net soos Nederduits, of dan Platduits, soos dit hedendaags ook bekend staan, in die 16de eeu die handelstaal van Europa geword het waarin die Hansestede vanaf Rusland tot Engeland en vanaf Swede tot Duitsland transaksies gesluit het. As prestigedraende taal het Nederlands dus in die sewentiende eeu 'n soortgelyke rol vervul as wat Engels vandag in groot dele van die wêreld vervul.

'n Tweede bepalende feit is dat 'n menslike taal nooit 'n homogene verskynsel is nie – met ander woorde dat taalvariasie oral sal voorkom. Daar is nooit 'n homogene vorm vir alle sprekers, en selfs vir alle situasies nie. 'n Mens pas jou taalgebruik aan by wat jy weet omtrent jou gespreksgenoot, wat konvensioneel verwag kan word in die gespreksituasie, en wat jy met jou spraak wil bereik; en uiteraard speel jou *vermoë* om jou uit te druk in die taalvorm wat verwag kan word, 'n ewe belangrike rol. 'n Taal bestaan dus uit 'n hele verskeidenheid sistematiese vorme wat elkeen bepaal word deur sulke faktore. Afrikaans as taal is dan ook nie 'n homogene begrip nie, juis omdat die sprekers nie almal op dieselfde plek woon en met dieselfde patrone van taalgebruik grootgeword het nie. Hierdie taalvariasie, wat op 'n natuurlike wyse in enige taalgemeenskap voorkom, het die proses van taalvorming aan die Kaap verder beïnvloed en in 'n bepaalde rigting gestuur. Hiervolgens sal ook 'n variëteit van Afrikaans soos Kaaps interne variasie vertoon in ooreenstemming met die sosiale faktore wat daarop inwerk.

In die volgende paar minute wil ek dan graag die een en ander sê oor die vormingsproses en taalveranderingsdinamiek van Kaaps teen die agtergrond van die sosiale en talige faktore waarbinne hierdie taalvorm as heterogene konstruk beslag gekry het.

'n Vraag wat dikwels oor Afrikaans as oorkoepelende benaming van sy variëteite gestel word, is of die taal tot stand gekom het deur 'n proses van taalkundige pidginisering en/of kreolisering. Hieroor is daar al baie koppe gestamp en heftig verskil. Die rede hiervoor was dat daar, as 'n uitvloeisel van taalhoudings by die sprekers, en inderdaad ook 'n sosio-politieke instelling oor jare, 'n stigma aan die begrip “kreools” (amper iets soos “kakkerlak”) gekleef het, waarskynlik omdat die primêre betekenis nie taalkundig was nie, maar biologies en rasgebaseerd. In die afgelope paar dekades het die kreolistiek as taalkundige vakgebied egter met rasse skrede ontwikkel, en het daar ten minste twee internasionale verenigings tot stand gekom, een met Romaans-gebaseerde en 'n ander met Engels- en ander Germaans-gebaseerde kreole as fokusarea. Hierdeur het daar, in ieder geval by taalhistorici, 'n veel objektiewer siening oor hierdie taalvorme tot stand gekom en is die dinamika van taalverandering deur taalkontak, ook in die vorm van pidgins en kreole, erken.

Om 'n mate van helderheid oor hierdie begrippe te bevorder, verskaf ek dan hedendaags gangbare definisies van (a) 'n pidgin, wat soos volg lui:

'n Vereenvoudigde taalvorm, gewoonlik 'n mengsel van twee of meer tale, waarvan een meestal 'n Europese koloniale taal is, met 'n rudimentêre grammatika en woordeskate, vir basiese kommunikasie tussen sprekers van verskillende tale, en nie as moedertaal gebruik word nie.

en (b) 'n kreoolse taal:

'n Kreoolse taal ontstaan wanneer 'n nuwe geslag gebore word by pidginsprekers, en die prototaal (of aanleedersvorm) wat deur die ouers geskep is, deur die kinders vir alle nodige funksies uitgebrei en gebruik word.

Vergelykende studies wat oor die jare gedoen is, ook ten opsigte van taalverandering in wêreldtale soos Engels en Frans, dui daarop dat daar weinige taalkundige kenmerke is wat uniek is aan kontaktale, en dat massale ontlening ook in tale voorkom wat nie as kreole beskou word nie. Daar het oor die jare talle publikasies verskyn wat tale en variëteite van tale met die oog op die identifisering van klassifikasiekenmerke vergelyk het, en 'n hele spektrum van benamings het tot stand gekom van sowel pidgins as kreole, wat, net wat kreole betref, strek van klassieke kreool via semi-kreool en gekreoliseerd tot semi-gekreoliseerd, na gelang van 'n numeriese oorwig van kenmerke wat dui op die vereenvoudiging van grammatikale struktuur, die oordrag van sintaktiese kenmerke, die opname van leenwoorde, ensovoorts. As voorbeeld van 'n vergelyking tussen 'n brontaal en 'n kreool kan 'n mens die teks van die Onse Vader in Frans en dié in die Maurisiaanse Kreool naas mekaar beskou:

Kreol Morisien

Nou Papa ki dan lesiel
 Fer rekonet ki to nom sin,
 Fer ki to reigne vini,
 Fer to volonte acompli, Lor
 later kuma dan lesiel. Donn
 nou azordi dipin ki nou
 bizin.
 Pardone-nou nou ban ofans,
 Kuma nou osi pardone lezot
 ki fine ofans nou.
 Pa less nou tom dan tentation
 Me tir-nu depi lemal.

Frans

Notre Père qui es aux cieux,
 Que ton Nom soit sanctifié,
 Que ton règne vienne,
 Que ta volonté soit faite
 Sur la terre comme au ciel.
 Donne-nous aujourd'hui notre pain
 de ce jour.
 Pardonne-nous nos offenses,
 Comme nous pardonnons aussi à
 ceux qui nous ont offensés.
 Et ne nous soumet pas à la
 tentation,
 Mais délivre-nous du mal.

In die formuleagtige taal van hierdie gebed kom die twee tale, Frans en Maurisiaanse Kreool, waarskynlik die naaste aan mekaar wat leksikon en grammatika betref, en word die verskille geminimaliseer. (Tussen hakies: In vergelyking met Afrikaans het ons waarskynlik in die geval van Kreol Morisien 'n parallel met die eertydse Patriot-spelling, wat op die uitspraak afgestem is, teenoor die hedendaagse ortografie van Afrikaans, wat enigermate vernederlands is en met die verfranste spelling van Kreol Morisien vergelyk kan word.)

Kreol Morisien

Nou Papa ki dan lesiel
 Fer rekonet ki to nom sin,
 Fer ki to reigne vini,
 Fer to volonte acompli,
 Lor later kuma dan lesiel.
 Donn nou azordi dipin ki nou bizin.
 Pardone-nou nou ban ofans,
 Kuma nou osi pardone lezot ki fine ofans
 nou.
 Pa less nou tom dan tentation
 Me tir-nu depi lemal.

Kreol Morisien – verfranste spelling

Nous Papa qui dans le-ciel,
 Faire reconnait' qui to nom saint,
 Faire qui to regne vini',
 Faire ton volonté accompli'
 Lors la-terre kuma dans le-ciel.
 Donne-nous azordi du-pain qui nous
 bizin.
 Pardonne-nous nous bann offense,
 Comment nous aussi pardonne lez-aut' qui
 fin offense nous.
 Pas laisse nous tom dans tentation,

Mais tir-nous depi le-mal.

In die teks van die Onse Vader kan 'n mens inderdaad 'n hele aantal ooreenkomste identifiseer wat dui op 'n gemeenskaplike leksikale basis, met sistematiese, maar nie onverstaanbare verskille tussen die twee tale. Daar is egter ook ander, minder formele teksgenres waar dit byna onmoontlik is om die verband te snap. Hierdie variasie word ten opsigte van kreole uitgedruk in drie strata ('n sogenoemde post-kreool-kontinuum), 'n geval van dekreolisering, volgens die mate van ooreenstemming met die sogenoemde brontaal of leksifiseerdertaal, naamlik die akrolek (naaste aan die leksifiseerdertaal), die mesolek en die basilek (verste verwyder). Die leksifiseerdertaal is dan die taal waaruit woordeskat aangevul en strukture aangepas word vir gebruik in meer formele kontekste, byvoorbeeld vakterminologie, regspraak en dergelike. In die lig van hierdie stratifikasie-model beskou Ponelis die eenheidbegrip Afrikaans as 'n "behoudende akrolektiese kreool" (Ponelis 1993. *The Development of Afrikaans*. Frankfurt am Main: Peter Lang, bl. 30).

'n Voorbeeld van dekreolisering uit die Jamaikaanse kreool, waar die akrolek feitlik volledig saamgesmelt het met die (ten minste geskrewe) standaardvorm van Engels is:

<u>Basilek</u>	<u>Akrolek</u>
Mi a nyam.	I have eaten.


'n Soortgelyke stratifikasie sou moontlik in alle tale toegepas kan word waar daar wisselende mate van beïnvloeding as gevolg van intensiewe taalkontak is, en wat ook sou korreleer met die vlak van formaliteit en selfmonitering. In waarskynlik die jongste publikasie oor kreolisering en Afrikaans, naamlik "Partial restructuring: Dutch on the Cape and Portuguese in Brazil", wat later vanjaar sal verskyn as deel van die huldigingsbundel vir Hans den Besten, *Roots of Afrikaans: Selected writings of Hans den Besten*, met Ton van der Wouden as redakteur, skryf John Holm dat sowel Afrikaans as Brasiliaanse Portugees herstrukturering en leksikale beïnvloeding ondergaan het en eienskappe bevat wat dui op gedeeltelike kreolisering deur sogenoemde substraattale – met ander woorde wat herleibaar is na die moedertale van sprekers wat bygedra het tot die "herstrukturering" van die teikentaal. In sowel Brasiliaanse Portugees as Afrikaans kom daar strukturele kenmerke voor wat in kreoolse tale aangetref word, maar Holm dui ook daarop dat die grens tussen wat tradisioneel as kreole beskou is en die sogenaamde niekreole in 'n groot mate vervaag het. Hy sluit sy bydrae af deur 'n aanhaling van Sarah Grey Thomason (1997:86) in hierdie verband:

[It is] only by understanding the fact that contact languages are the products of historical developments and that historical developments typically involve such fuzzy boundaries [that we can] arrive at a useful classification of contact languages.

Die variasie van vorme in Afrikaans korreleer met variasie in kontak situasies, ook in die geskiedenis, wat 'n baie ryk verskeidenheid van kontakmoontlikhede bevat. Behalwe die heterogene gemeenskap aan die Kaap, het ongeveer 330 000 Nederlandse VOC-amptenare (PP 10) tussen 1665 en 1795 ná etlike jare in die Ooste met kennis van 'n gemengde Maleis-Nederlandse omgangstaal (wat my gewaardeerde medewerker, wyle Cor de Ruyter, met verwysing na die Nederlands van die suidelike oseane, as *Austro-Nederlands* beskryf het) in sarsies van 1 500 in 12 skepe op 'n slag vir tydperke van tot 6 weke aan die Kaap vertoef op pad terug na Nederland. (Dit beteken 'n totaal van ongeveer 2 300 per jaar oor die tydperk van 143 jaar – hoewel die frekwensie van die besoeke uiteraard gewissel het.) Volgens die rekords het heelwat hulle ook aan die Kaap gevestig. Hulle het bekend gestaan as die "tuisvaarders", en sou die Maleis-Nederlandse mengtaal wat hulle in die Ooste leer praat het, oftewel Austro-Nederlands, na alle waarskynlikheid gebruik het teenoor die Kapenaars wat

ook as ingevoerde slawe van daardie wêrelddeel afkomstig was en dit reeds teenoor Nederlanders in Oos-Indië gebruik het. Uit De Ruyter se navorsing blyk dat talle leksikale items en grammatikale patrone (wat afwyk van die Nederlands) in Afrikaans beland het wat reeds in die kreools van Ceylon (vanaf 1656 tot 1795 onder Nederlandse beheer), Indonesies en die Maleis van Ambon, Kupang en die Noord-Molukke in algemene gebruik was. Wanneer die gesamentlike invloed van tuisvaarders en Oos-Indiese slawe op die ontstaan van Kaaps verreken word, is dit duidelik dat die interaksie tussen Nederlands en die Oos-Indiese tale nie eers aan die Kaap begin het nie, maar reeds voor die koms van die slawe hierheen beslag begin kry het. Dit is inderdaad 'n navorsingsgebied wat nog relatief onontgin is, en 'n ander dimensie verleen aan sienings oor die wortels van Kaaps.

Ek wil graag by hierdie geleentheid ook verwys na die werk van 'n begaafde kollega en kenner van die diachronie van Afrikaans, Hans den Besten, wat ons vandag presies twee jaar gelede voortydig ontval het. Die sosiale dinamiek van interaksie via 'n gemeenskaplike kontaktaal wat niemand se moedertaal is nie, lei – soos ons uit die gegewe definisie ook aflei – gewoonlik tot 'n pidgin, totdat hierdie taalvorm deur gereelde gebruik genoegsaam geleksifiseer is om ook as huistaal te funksioneer, waardeur 'n basilektiese, en mettertyd ook 'n mesolektiese, kreool ontstaan. Dit is hierdie vorm wat Den Besten as Proto-Afrikaans I beskryf in sy Konvergensiemodel:



Terselfdertyd het die Nederlandssprekende amptenary en vryburgers (wat uit verskillende dialekgebiede afkomstig was) onderlinge aanpassings moes maak om so verstaanbaar as moontlik te wees en is die dialektiese verskille grootliks genivelleer (met ander woorde deur koineïsering). Volgens Den Besten het dit gelei tot Proto-Afrikaans II. As gevolg van die magsverhouding tussen die VOC-amptenare asook die vryburgers aan die een kant en die slawebevolking aan die ander, het daar leksifisering van Proto-Afrikaans I ontstaan vanuit Proto-Afrikaans II, waarvan Den Besten die resultaat as 'n Afrikaanse koine beskryf. Hierdie vorm sou sowel restante uit Nederlands as vernuwings wat uit die

taalkontaksituasie ontstaan het, beliggaam het, en kan beskou word as die grondslag van Kaaps. Wat belangrik is, is dat dit die resultaat was van twee kragte wat mekaar aanvul – enersyds die behoud van bepaalde patrone, en andersyds die dinamiek van vernuwing – iets wat veral op die leksikon van toepassing was. Aan die einde van my voordrag sal ek graag na voorbeelde daarvan in hedendaagse Kaaps verwys.

’n Volgende belangrike aspek van die vorming van Kaaps is die rol wat Kaapse Moesliemafrikaans van die begin af, maar veral sedert die eerste kwart van die 19de eeu, gespeel het. Deur sy navorsing het Achmat Davids ’n bron van onskatbare waarde vir ons nagelaat, sowel deur die uiteensetting van die linguistiese samestelling en herkomsareas van die destydse slawe as deur die feit dat ons hier te doen het met ’n ontwikkelde en geletterde komponent van die gemeenskap wat ten spyte van die sosiale onregte wat hulle moes ly, standarde van opvoeding gestel en gehandhaaf het waaruit die huidige owerhede ’n les of twee kan leer. Navorsing oor die impak van Maleis op Afrikaans as geheel, soos blyk uit die werk van De Ruyter, dui daarop dat dit veel verder strek as wat Franken en ander ná hom aan die hand doen, en dus dat die invloed wat daar op taalgebied van die voorgeslagte van Kaapse Moesliems uitgegaan het, nog nie na waarde geag word nie. Maar as gevolg van hulle leidende rol op hierdie gebied, en ook as vakmanne in die plaaslike ekonomie, het die sprekers van Moesliemafrikaans norme gestel, ook wat taalgebruik betref, en sodoende die relatiewe status van Proto-Afrikaans I as matrilek van Kaapse Afrikaans bepaal. (Ek bedoel met “matrilek” hier *matriks*dialek, en nie “moedertaal” nie, soos sommige dit interpreteer.) Benewens die werkwaardige prestasie om Kaapse Moesliemafrikaans, en sekerlik ook Kaaps as gesproke taalvorm, in die Arabiese ortografie te verskriftelik, is daar nie net norme vir die spelling van Afrikaans neergelê nie (dus vir Arabies-Afrikaans), maar het die outeurs van die kitaabs en sjegs in die madrassas ’n formele leksikon ontwikkel, wat in verskeie opsigte ook afwyk van Nederlands, om te voorsien in die behoefte aan so ’n register vir onderrig en godsdienstbeoefening. Sodoende het daar ’n standaardvorm van Afrikaans in die Arabiese skrif ontstaan lank voordat Patriotafrikaans en uiteindelik ’n Nederlandsgebaseerde ortografie van Afrikaans erken is. Deurdat die Arabiese alfabet aangepas is om voorsiening te maak vir die waargenome uitspraak van die taal in die Kaap, dien dit terselfdertyd as ’n fonetiese rekord van hoe Kaapse Afrikaans, in teenstelling met Nederlands, in werklikheid uitgespreek is en in ’n groot mate vandag nog uitgespreek word.

Deur hierdie leidende rol van die sprekers op taalgebied sou ’n mens dus met reg kon praat van Moesliemafrikaans as kerndialek van Kaaps. Insgelyks sou ’n mens kon sê dat Kaaps, of dan Kaapse Afrikaans, soos netnou gesê is, beskou kan word as die matrilek van Afrikaans, voordat daar, met die oog op standaardisasie vir die formele funksies van die taal, aanvanklik van grootskaalse releksifisering uit Nederlands gebruik gemaak is. Ek sal die versoeking weerstaan om op hierdie stadium nog meer te sê oor standaardisering, omdat ek graag met die beperkte tyd tot my beskikking op ’n paar belangrike taalkundige kenmerke van Kaaps wil konsentreer.

Ek wil dit stel dat die bewese lewenskragtigheid van Kaaps toegeskryf kan word aan twee skynbaar teenstrydige, maar in werklikheid aanvullende soorte eienskappe, naamlik sy historiese behoudende en progressief moderne aard. Wat word daarmee bedoel? As ’n mens ’n sistematiese ondersoek onderneem na die fonologie, grammatika en leksikon van Kaaps, word jy getref deur die opvallend Nederlandse herkoms van sommige grammatikale konstruksies – iets wat ook dui op ’n kontinuum van veel groter omvang as byvoorbeeld die Frans van Kriol Morisien, en wat moontlik ook dui op elemente van Austro-Nederlands, wat as fondament vir die ontwikkeling van Kaaps gedien het. Ek wys net op ’n paar voorbeelde wat geneem is uit klankopnames van ongeveer dertig jaar gelede.

’n Area in die morfologie wat opvallend is, is adjektief-verbuiging in attributiewe posisie. Hierdie verbuiging word in Nederlands deur die geslag van die naamwoord bepaal, en is ’n algemene kenmerk van Kaaps by alle adjektiewe, onafhanklik van die naamwoord wat daarop volg (dit is ook ’n kenmerk van laat agtiende-eeuse Afrikaans oor die algemeen), terwyl daar in ander variëteite van Afrikaans volgens die fonologie van die adjektief self bepaal word of dit verbuig word of nie.

Saoedi-Arabië was eers 'n arme land (vgl. 'n arm land)

Ministers is ryke mense (vgl. ryk mense)

Jy moet jou oue lesse onthou (vgl. jou ou lesse)

'n kleine bietjie (vgl. 'n klein bietjie)

'n spierewitte suit (vgl. 'n spierwit suit)

Hierby sluit ook die attributiewe verbuiging van die besitlike voornaamwoord “ons” aan, wat met die Nederlands ooreenstem:

Hy sal nooit in onse pad staan nie.

Onse kar is 'n write-off.

according na onse prys

(Dit sou ook 'n uitbreiding kon verteenwoordig van “se” in verbinding van ander pronominale besitskonstruksies, soos “na u se kant toe”, “u se broer Piet” en “julle se vriende”, wat opgeteken is.)

Let ook op die verbuiging van mineraal- of stofname, net soos in Nederlands, soos “'n houtse stoel”, “'n silwese beker”, ensovoorts. (Vergelyk die aanvangsreël van Piet Hein: “Heb je wel gehoord van de Zilveren Vloot?” – waar “gehoord” en “Vloot” in Kaaps perfek rym as gevolg van postvokaliese r-skrapping.)

Hoewel dit 'n veranderlike verskynsel is, is die sogenaamde verbale hendiadis wat in Afrikaans voorkom in uitdrukkings soos “Hy staan en slaap”, of “sit en nonsies praat” by sommige sprekers, ook van die jonger geslag, nog in sy Nederlandse vorm gebruiklik, naamlik:

Dan staan jy daar *te tjank*. (Ndl. *te janken*)

Daar staat hy my *aan te kyk*. (Ndl. *aan te kijken* – en ook “staat”)

Daar sit ek *te praat* met hulle. (Ndl. *te praten*)

Laastens kom die bepaalde lidwoord by vele plekname voor (iets wat ook in Nederlands gebruiklik is, byvoorbeeld by straatname):

in die Grassy Park

uit die Holland uit

in die Pretoria

in die Makka

in die Princessstraat (vgl. Ndl. “in de Leidsestraat”)

Dit wat betref die histories behoudende aard van Kaaps. Maar wat word dan bedoel met die “progressief moderne” aard van Kaaps? Dit dui op die werking van algemene taalveranderingsprosesse (in die diachronie word ook van taalveranderingsuniversalia gepraat) in die taalgebruik van Kaapse sprekers in informele kontekste. Hier praat ons van bekende fonologiese taalveranderingsprosesse soos *ontronding* by geronde voorvokale en diftonge:

- [brəitsrək] – bruidsrok
- [dəizən] – duisend
- [ləntəxe:] – Lentegeur
- [be:si] – beursie

breking:

- [hⁱalp] – help
- [xⁱal] – geld
- [bⁱal] – bel(t)

postvokaliëse /r/-weglating:

- [fəke:t] – verkeerd
- [bɔ:s] – bors
- [xəsti:] – gestuur
- [fe:tax] – veertig

waarvan heelwat ook in die taalgebruik van jonger sprekers in die noordelike en oostelike dele van die land voorkom, veral in informele kontekste. Daarby kom ook 'n aantal grammatikale prosesse, soos uitbreiding van setselkonstruksies (*skryf met 'n pen saam, woon in die Kaap in*), die regularisering van werkwoordsvorme (*iets wat 'n mens moet het, hy kan gesien het dat ek praat nie met hom nie*), en die morfologiese inbedding van leenwoorde, veral uit Engels (ons was ge-*gude* gewees, ons het nog nie ge-*riot* nie, ons het ge-*protest*, honderde *wene* (Eng. *vans*) het ingekom). Ook hierdie prosesse is waarneembaar in die informele taalgebruik van die breë Afrikaanse taalgemeenskap, maar waarskynlik veel meer sistematies en uitgebreid in Kaaps. In 'n doktorsale ondersoek na Kaapse Moesliemafrikaans kon daar byvoorbeeld 48 sulke prosesse geïdentifiseer word. Teen die agtergrond van die geskiedkundige oorwegings sou dit geregverdig wees om van Kaaps in die besonder, en uiteraard van Afrikaans as geheel, as 'n kontak-geïnduseerde taal te praat, waar nie net invloede afkomstig van kontaktaal uit die ontstaanstyd van die taal 'n rol gespeel het nie, maar ook hedendaags in 'n massiewe mate vanuit Engels. Inderdaad weerspieël Kaaps deur sy leksikon die intensiteit van die taalkontak, byvoorbeeld in vergelyking met ander, plattelandse variëteite.

Ten slotte – en daarmee wil ek probeer om aan te sluit by 'n opmerking aan die begin oor interne variasie by Kaaps, en variasie as universele kenmerk van alle tale – is Kaaps ook geen homogene variëteit nie. Net soos daar 'n noodsaaklikheid was om 'n standaardregister in Arabies-Afrikaans vas te lê om paslik oor byvoorbeeld religieuse onderwerpe te praat, word die verskil tussen formele en informele registers baie duidelik deur fonologiese, grammatikale en leksikale eienskappe in Kaaps gemarkeer. Enigeen wat na *Islam in Fokus* oor RSG luister, of na 'n lesing deur prof Hendricks, en dit vergelyk met 'n informele gesprek in Adderleystraat, sal wel deeglik hiervan bewus wees. Hierdie variasie is deel van die rykdom van Kaaps as bakermatvorm van Afrikaans. Vir u geduld: Baie trammakassie!